

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Foute, gebrokenheid en sonde

Skriflesing: Psalm 32

Broodjies vir die pad

"Atticus said to Jem one day, "I'd rather you shot at tin cans in the backyard, but I know you'll go after birds. Shoot all the blue jays you want, if you can hit 'em, but remember it's a sin to kill a mockingbird." That was the only time I ever heard Atticus say it was a sin to do something, and I asked Miss Maudie about it. "Your father's right," she said.

"Mockingbirds don't do one thing except make music for us to enjoy. They don't eat up people's gardens, don't nest in corn cribs, they don't do one thing but sing their hearts out for us. That's why it's a sin to kill a mockingbird."

— Harper Lee, *To Kill a Mockingbird*

Gee om gelukkig te wees, 'n kans

Sophia van Taak

Blydskap: Mindfulness-wenke vir 'n vreugdevolle lewe deur Johannes de Villiers. Uitgewer: Human & Rousseau. Prys: R275

Ek is mos *happy*. Goed, nou nie elke dag nie, maar, jy weet – ek's oukei! Tog is daar soms 'n hunkering, nee, 'n wête dat

iewers ánderkant bloot oukei wees 'n meer langtermyn-lewensvreugde wag. Maar dit voel haas onbereikbaar. Dit is hierdie einste gevoel wat tot Johannes de Villiers se nuutste boek aanleiding gegee het.

Blydskap volg op *Kalmte in die malle gejaag: Mindfulness vir besige mense* (2018) en handel net soos sy voorganger oor 'n baie relevante tema in ons daaglikse dilemma. Die meeste mense voel wreed ontugter. Dinge het toe nie uitgespeel soos jy altyd gehoop het nie. En nou? Nou moet ons maar seker net ons jare uitkolf en die beste maak van 'n slegte saak.

Tog doen ons dit nie. Ons ploeter met dieselfde halfwas entoesiasme aan na dieselfde resultate, maar dit hoef nie so te wees nie. Dis die dinge waarmee ons die ure vul, en die woordeskat waarmee ons daarvoor praat, wat veroorsaak dat ons voel soos ons voel. Maar as 'n mens dié gewoontes en denkpatrone oor tyd kon aanleer, kan jy mos ook ánder kweek. En dís waaroor hierdie boek gaan.

Maar wat presies is "blydskap"? De Villiers onderskei tussen twee soorte: blydskap van die maag en blydskap van die hart.

Eersgenoemde is al die dinge wat jou lewe gerieflik en lekker maak – jou gesondheid, vriende en dalk 'n beminde wat jou liefhet, genoeg om te eet, 'n veilige huis om in te woon . . . Anders gestel: goeters wat jy kan bekom.

Blydskap van die hart, daarenteen, probeer nie jou omstandighede verander nie, maar koester dit eerder. Dit is om tuis te kom in die ontugterde lewe wat jy het, sonder om dit weg te wens.

Dis 'n mondvul, maar moenie bekommerd wees nie, want dié boek ontgloep al wat 'n groot gedagte is tot iets wat 'n mens verstaan. Selfs al wil jy nie.

Die Franciskaanse monnik Richard Rohr sê: "We do not think ourselves into new ways of living, we live ourselves into new ways of thinking." Dis waar – ons is verstrengel in ons gedagtes, en 'n mens moenie alles glo wat jy dink nie.

"Jou gedagtes is soos 'n dronk aap wat op 'n plaat warm kole dans," skryf De Villiers op bl. 51.

Feite. Het jy al 'n kollega góed op sy plek gesit – in jou kop? Of laatnag besluit die krapperrigheid in jou keel kan sweerlik nét kanker beteken, en hoekom gebeur sulke dinge net met jou en hoekom nou, en hoekom . . . Oor en oor. Dié boek help om die aap weer nugter te kry en mooi stil eenkant te laat sit. Kortom: *Blydskap* leer jou hoe om minder in jou kop te leef, weer die wêreld deur jou sintuie te begin oplet en sodoende toenemend meer teenwoordig te raak in jou eie lewe – die grootste bron van blydskap, áltyd tot jou beskikking.

De Villiers het stapels boeke en wetenskaplike studies oor blydskap verslind en ook wyd en syd aan deure gaan klop om met talle mense oor die onderwerp te gesels: Wat het hulle tot op die punt gebring waar hulle nie net hul lot aanvaar het nie maar ook kon besluit hoe hulle dit érvaar? Sy insigte deel dié gesoute oudjoernalis in boeiende vertellings.

Hy het ook jare gelede reeds op 'n persoonlike soektog na ware blydskap vertrek, en elke emosie en gedagte wat hy langs dié pad teëgekomp het, as leermeester verwelkom. Die eindresultaat is gesaghebbende leesstof wat baie maklik pedanties kon wees, maar danksy De Villiers se deernisvolle skryfstyl eerder lees soos 'n dierbare vriend se woorde wat met innige belangstelling in jou welsyn kom kuier.

Hoewel ek die aanhalings uit die positiewe sielkunde en ou wysheidstradisies insiggewend en stories van mense wie se lewenskoers radikaal verander het, aangrypend gevind het, lê die boek se grootste waarde in die maklik uitvoerbare wenke

om – in hoe ’n geringe mate ook al – daagliks ’n treetjie nader aan innerlike blydskap te beweeg.

Benewens oor die gewoonte van meditasie, skryf De Villiers ook breedvoerig oor die waarde van dankbaarheid, eenvoud en omgee vir ander. Dan is daar ook raad vir hoe om jou woede, bitterheid en selfkritiek met selfliefde, deernis en geduld te verplaas. En ’n paar makliker voorstelle: Kry ’n hond, lees minder nuus, drink minder koffie en alkohol, slaap genoeg . . .

Dit klink alles pienk en pragtig, wil jy dalk sê, maar wat help al dié voorstelle wanneer die lewe die mat só onder jou uitruk dat jy nie weet watter kant toe nie. Hoe gaan jy dán blymoedig wees?

Die antwoord volg in ’n hoofstuk oor pyn. Die Japannese skrywer Haruki Murakami is bekend vir sy stelling dat seerkry onafwendbaar is, maar liding opsioneel. De Villiers se vertrekpunt is ook dié lewenswaarheid, maar geleen vanuit ou Indië, waar pyn en swaarkry as twee pyle beskou word:

Die eerste pyl – pyn – tref ons almal van tyd tot tyd. Dit kom in verskillende gedaantes, meestal buite ons beheer en is onvermydelik deel van die lewe. Ons het wel ’n aandeel in hoe diep die tweede pyl tref – hoe ons op daardie pyn reageer.

Blydskap is nie iets wat sommer net in jou skoot val nie. ’n Mens moet besluit om gelukkiger te wees, en dan aanhoudend daaraan werk. Maar daardie gevoel van tuis kom, tuis wéés in jou eie vel maak alles die moeite werd. Gee *Blydskap* – en jousef – gerus ’n kans.

* *Sophia van Taak is ’n joernalis by die reistydskrif Weg! en van haar radiodramas is al op RSG uitgesaai.*

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/gee-om-gelukkig-te-wees-n-kans-20200222>

“Doubt as sin. — Christianity has done its utmost to close the circle and declared even doubt to be sin. One is supposed to be cast into belief without reason, by a miracle, and from then on to swim in it as in the brightest and least ambiguous of elements: even a glance towards land, even the thought that one perhaps exists for something else as well as swimming, even the slightest impulse of our amphibious nature — is sin! And notice that all this means that the foundation of belief and all reflection on its origin is likewise excluded as sinful. What is wanted are blindness and intoxication and an eternal song over the waves in which reason has drowned.”

— Friedrich Nietzsche, *Daybreak: Thoughts on the Prejudices of Morality*

“You have played,
(I think)
And broke the toys you were fondest of,
And are a little tired now;
Tired of things that break, and—
Just tired.
So am I.”
— E.E. Cummings

“The first and fundamental question of this book is this: How do we Christians know which is our true God— our Bible’s violent God, or our Bible’s nonviolent God? The answer is actually obvious. The norm and criterion of the Christian Bible is the biblical Christ. Christ is the standard by which we measure everything else in the Bible. Since Christianity claims Christ as the image and revelation of God, then God is violent if Christ is violent, and God is nonviolent if Christ is nonviolent.

This is even given in what we are called. We are called Christians not Bible-ians, so our very name asserts the ascendancy of Christ over the Bible.”

— John Dominic Crossan, *How to Read the Bible and Still Be a Christian: Struggling with Divine Violence from Genesis Through Revelation*

Brood vir die pad

Saterdagoggend by ou Lizzie se begrafnisdiens

Dana Snyman

Lizzie wat by hulle gewerk het, is mos dood, sê Flip. Haar hart of iets. Sy het vir 11 jaar twee keer ’n week ingekom.

Ons sit in Café Grace, ek en hy. Elkeen met ’n cappuccino. Ons word oud.

Saterdagoggend toe is dit die begrafnis, sê Flip. En Elsa sê ons gaan. Is dit regtig nodig? vra ek. Maar jy ken daardie vrou van my.

Flip vat ’n pakkie suiker uit die bakkie tussen ons, maar skeur dit nie oop nie.

Saterdagoggend toe ry hulle soontoe, sê hy. Dis ver buite die stad, in een van daardie townships wat net groter word.

Hulle ry soontoe, en terwyl hulle ry, kan hy nie help nie om te dink dis die pad wat ou Lizzie moes gery het om by die werk te kom in een van hierdie taxi’s wat so jaag.

Primrose, Lizzie se dogter, het nogal vir Elsa ’n *location* na haar foon gestuur, sê Flip. Maar hulle verdwaal, *location* en al. Gelukkig het hy sy pistool saamgevat.

Later toe kry hulle darem die huis. Dis mense in kerkklere net waar jy kyk. Hy is die enigste een in ’n T-shirt. Hy haal die bos blomme wat Elsa gekoop het uit die kattebak en hulle stap nader. Voor die huis staan ’n lang, blink lykswa, met die kis agterin. ’n Spoggerige kis, man. Donker hout, silwer handvatsels. Jy sou nie sê ou Lizzie in haar pienk uniform en skeefgetrapte skoene lê daarbinne nie.

Flip kyk stip na my. Jirlikheid, my vriend, sê hy. Ek sê vir Elsa kom ons gee net die blomme en ry weer. Maar ’n man in ’n toga kom na ons toe gestap. ’n Moruti. Welkom hier, sê hy. In Afrikaans nogal.

Hulle het van daardie wit plastiekstoele gehuur en in rye gepak. Voor is ’n gazebo opgeslaan waaronder die familie en nog mans in togas sit. So ver ons stap, staan mense op en bied hul stoele vir ons aan. Maar die moruti sê nee, julle sit by ons onder die gazebo. Julle is ons spesiale gaste.

Hulle bring die kis en sit dit op die staander voor die gazebo neer. Toe begin daardie moruti’s preek. Ander kom praat oor Lizzie. In hulle taal. Kort-kort sê iemand amen!

En hy sit daar, sê Flip, en al wat vir hom bekend is, is die tuinstel wat langs die huisie staan, ’n opgebruikte draadstel uit die jare sewentig, wat hulle nog vir Lizzie gegee het.

Toe kyk een van die moruti’s na hom en Elsa, en vra of hulle nie ook iets oor Lizzie wil sê nie. En Elsa stamp aan hom. Hy staan toe maar op, sê Flip. En voor hom sit hierdie mense. Lizzie se mense. Die mans in baadjies, al is daardie baadjie hoe oud. Die vroue met hulle pruie.

In die stof, tussen almal, lê ’n maer hond, so ’n gele. Elke keer wanneer iemand hard roep amen! waai die hond sy stert.

Flip kyk na die voosgevatte pakkie suiker in sy hand.

Hy wens net, sê hy, hy wens net hy het nie so emosioneel daar voor almal geraak nie. Dit was onnodig. Heeltemal onnodig.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/saterdagoggend-by-ou-lizzie-se-begrafnisdiens-20200221>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877